*Saterdag* **8 Februarie**

**Skrifgedeelte: Jesaja 42:8-17 (AFR2020)**
**Fokusgedeelte: Jesaja 42:10-12**
**Oproep tot lof aan die Here**

Die hartseer van Israel se sonde wat lei tot diep slawerny, is in Jesaja 1 – 39 deurgetrap. In hoofstukke 40 – 48 breek die lig deur. God kom om in te gryp deur sy lydende Dienskneg wat natuurlik niemand anders is as ons Here Jesus Christus nie. Hy kom doen wat Israel (en ons) nie kon of kan doen nie!

Ons fokusgedeelte val in wat beskryf word as die eerste Diensknegled, wat Jesus se verlossingswerk begin verduidelik. Hier vind ons die kernrede vir God se duur verlossingswerk in Jesus, en dis nie in die eerste plek ons saligheid nie. Nee, vers 8 sê duidelik: *"Ek is die HERE, dit is my Naam. My heerlikheid sal Ek nie afstaan aan 'n ander nie, my roem nie aan gesnede beelde nie."*

God is sedert die sondeval, waarin Hy beroof is van die eer wat Hom toekom as heilige en liefdevolle Skeppergod, toegewy daaraan om te verseker dat Hy die lof kry wat Hom toekom. In ons gedeelte hoor ons nie net die belofte dat Hy dit gaan doen nie. Hy word geteken as 'n Krygsman, wat almal wat Hom van sy eer beroof, die stryd gaan aansê (vs 13).

Hierdie soeke na sy eer staan egter nie teenoor sy troue verbondsliefde vir ons as sy uitverkore kinders nie. As jy vir iemand lief is, wil jy die beste vir hulle gee, nie waar nie? Die Here weet Hyself is die beste wat Hy vir ons kan gee. Ons is gemaak om Hom te verheerlik, om sy eer bo alles te soek. Dit is al wat ons op 'n diep manier met ware vreugde kan vervul!

Daarom kom maak Hy van vyande vriende en kinders! In sy groot genade kom maak Hy ons blinde oë oop vir die dwaasheid van afgodediens, wat iets of iemand anders in sy plek stel (vs 16). Hy doen dit op 'n aangrypende manier! Hy, die enigste ware Lig, kom in die wêreld in en word mens in Jesus Christus om die duisternis in ons en om ons uit te dryf sodat ons Hom kan sien vir Wie Hy is en Hom kan loof en prys soos dit hoort (vs 16)!

Mag ons, van nature afgodsdienaars, beskaam staan oor ons dwaasheid (vs 17), maar dan, in diepe besef vir wat Hy vir ons gedoen het en in die krag van die Heilige Gees, juig as ons hierdie opdrag hoor (vs 10): *"Sing vir die Here 'n nuwe lied, besing sy roem van die einde van die aarde af!"*

*Sing: Psalm 40-1:1, 2*

*Ds. TF (Thomas) Dreyer (Cross Culture Church)*